basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 'n Gevoel van verbondenheid met die goddelike:

A Versoenend
B Gemeenskap
C Barmhartigheid
D Bekragtig/Aanneem (1)

1.1.2 Daar word geglo dat Sangha een van die drie juwele van … is.

A Boeddhisme.
B die New Age-beweging
C Hindoeïsme.
D die Bahá'i-geloof (1)

1.1.3 Ekumenies is …

A brood wat by Christen-rituele geëet word.
B 'n Jood.
C enige mens wat NIE 'n Jood is NIE.
D om eenheid onder Christene te bevorder. (1)

1.1.4 Volgens hulle leringe/leerbeginsels is alle godsdienste deel van God se goddelike plan vir die mensdom:

A Islam
B Bahá'i-geloof
C Die Christelike geloof (1)
D Taoïsme

1.1.5 Die heilige boek van Boeddhisme is die …

A Ketuvim.
B Mahabharata.
C Tripitaka.
D Nevi'im. (1)

1.1.6 Alle godsdienste is paaie na die waarheid en hulle is ewe waar:

A Inklusivisme
B Pluralisme
C Ideologie
D Identiteit (1)

1.1.7 Die volgelinge van hierdie godsdiens glo dat hulle die 'uitverkore volk' is:

A Christendom
B Bahá'í'-geloof
C Judaïsme
D Islam (1)

1.1.8 Die heilige boek van Islam is die …

A Ou Testament.
B Tora.
C Koran.
D eerste vyf boeke van die Bybel. (1)

1.1.9 Die volgende godsdienste kommunikeer met die Opperwese deur bemiddelaars/tussenpersone:

A Afrika Tradisionele Godsdiens en Islam
B Afrika Tradisionele Godsdiens en die Christendom
C Hindoeïsme en Boeddhisme
D Judaïsme en Islam (1)

1.1.10 Alle wêreldprosesse bestaan uit twee kragte:

A Manlik en vroulik
B Afneming en die dood
C Waarsêer en mag
D Jin en jang (1)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Boeddhisme | A | nakoming/volg van die Vyf Pilare |
| 1.2.2 | Afkoms/Stamboom | B | 'n stelselmatige proses om geldige antwoorde te ontdek |
| 1.2.3 | Swami | C | 'n sterk mening/sienswyse, oortuiging |
| 1.2.4 | Ritueel | D | hoof van Hindoe-skole en -tradisies |
| 1.2.5 | Oortuiging | E | die skakel tussen voorouers en lewendes |
| 1.2.6 | Islam | F | godsdienstige onderhouding wat bedoel is om aan 'n heilige gebeurtenis te herinner |
| | | G | daar is geen god sentraal tot hulle geloof/ oortuigings en leringe/leerbeginsels nie |

(6 x 1) (6)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die stigter van Boeddhisme was … en hy staan as die Boeddha bekend. (2)

1.3.2 Die Moslem godsdienstige leier wie se gesag vermoedelik van Profeet Mohammed afkomstig is, is die … (2)

1.3.3 In die Hindoe-samelewing staan die hoogste kas/stand/klas as die priesterkas/-klas/-stand of die … bekend. (2)

1.3.4 Die Koningin van Engeland is die erflike hoof van die … Kerk. (2)

1.3.5 In die Afrika Tradisionele Godsdiens word die spesiale mense wat deur hulle voorvaders opgeroep word om die lewendes te genees, … genoem. (2)

1.4 In die konteks van godsdiens, definieer die volgende terme in TWEE sinne:

1.4.1 Politeïsme (2)

1.4.2 Ideologie (2)

1.4.3 Reïnkarnasie (2)

1.4.4 Nirvana (2)

1.4.5 Sekte (2)

1.5 Dui aan of ELK van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede indien die stelling onwaar is. Skryf 'waar' of 'onwaar' en die rede langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Die Doop is 'n geestelike dissipline wat asembeheersing, eenvoudige meditasie en spesifieke liggaamshoudings insluit. (2)

1.5.2 By die Abrahamitiese gelowe is spontaneïteit en buigsaamheid die kenmerke van die pad waarlangs die heelal reis. (2)

1.5.3 Die Tien Gebooie is aan Jesus Christus onthul. (2)

1.5.4 Die woord 'onsterflik' beteken om vir altyd te lewe of onsterflik. (2)

1.5.5 Die Boek van Mormon is een van die heilige tekste van die Bahá'i-geloof. (2)

1.6 Beskryf kortliks in TWEE sinne ELK van die volgende soos dit op die studie van godsdiens van toepassing is:

1.6.1 Doktrine/Leerstelling (2)

1.6.2 Mite (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, skryf EEN feit oor ELK van die volgende terme/begrippe en gee EEN voorbeeld om die betekenis daarvan te illustreer:

2.1.1 Verskil (4)

2.1.2 Leringe/Leerbeginsels (4)

2.1.3 Dharma (4)

2.1.4 Sinkretisme (4)

2.1.5 Eksklusivisme (4)

2.2 Noem enige DRIE unieke eienskappe van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Christendom/Christelike godsdiens (6)

2.2.2 Taoïsme (6)

2.2.3 Afrika Tradisionele Godsdiens (6)

2.3 Bespreek die belangrikheid van uniekheid in godsdiens. (12)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEGRAFNIS VAN 'N VRYHEIDSTRYDHELD**

Professor Jonathan Jansen, Visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat, het hierdie week die spyker op die kop geslaan met 'n pragtige boodskap op Facebook. Die boodskap bring hulde aan Ahmed Kathrada, die held van die vryheidstryd wat hierdie week oorlede is. Jansen herinner ons aan hoe uniek en buitengewoon Suid-Afrika is.

Hy het geskryf: 'Wys my nog 'n land waar die Anglikaanse Aartsbiskop by 'n Moslem-begrafnis bid; waar 'n wit man die verrigtinge lei om 'n leier van 'n swart vryheidsbeweging te onthou; waar 'n sittende president van 'n ontwikkelende land in 'n brief deur die oorlede ringkop van sy eie party, aangesê word om uit te tree; waar die weduwee van die swart man wat begrawe word, 'n wit vrou is wat haar lewe aan die vryheidstryd gewy het; en waar Christen, Moslem, Jood, Hindoe en ander gelowe in 'n breë strook van die Suid-Afrikaanse samelewing saamgekom het om 'n man te onthou wat vir ons almal geveg het. Waar daar op en van die verhoog af geen rasse- of etniese of godsdienstige groep die geleentheid gedomineer het nie.'

'Vir 'n oomblik, net 'n oomblik, het dit goed gevoel om weer te hoop …'

[Aangepas uit http://News 24/ahmedkathrada.
Toegang op 30 Maart 2017 verkry.]

3.1.1 Watter lesse leer hierdie boodskap vir ons? Gee bewyse uit die uittreksel om jou antwoord te ondersteun. (12)

3.1.2 Bespreek enige DRIE redes wat, volgens die boodskap, Suid-Afrika uniek maak. (12)

3.1.3 Die laaste reël van die boodskap is: 'Vir 'n oomblik, net 'n oomblik, het dit goed gevoel om weer te hoop …'

Wat, dink jy, het Jansen hiermee bedoel? (6)

3.1.4 Noem DRIE voordele en DRIE nadele van godsdienstige organisasies se gebruik van die sosiale media. (6 x 2) (12)

3.2 Waarom, dink jy, is die media gewoonlik bevooroordeeld met betrekking tot die dekking van godsdienstige kwessies? (8)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERGODSDIENSTIGE VERHOUDINGE TANS EN IN DIE VERLEDE**

Toe die wit man na ons land toe gekom het, het hy die Bybel en ons die grond gehad.' Die wit man het vir ons gesê: 'Laat ons bid.' Na die gebed het die wit man die grond gehad en ons die Bybel. (Dube, MW [2000]. *Postcolonial Feminist Interpretation of the Bible* [St. Louis, Chalice Press])

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

4.1.1 In die konteks van die stelling hierbo, verduidelik *kolonialisme*. (4)

4.1.2 Stem jy saam met Dube se vertolking van sendingwerk? Gee redes vir jou antwoord. (12)

4.1.3 Vergelyk die terme *intergodsdienstige dialoog* en *intragodsdienstige dialoog* en gee EEN voorbeeld in ELKE geval. (8)

4.2 Noem EEN organisasie wat werk om intergodsdienstige verhoudinge in Afrika te bevorder. Noem enige SEWE van hulle prestasies. (16)

4.3 Bespreek kortliks die agtergrond en hoofdoelwit van die organisasie wat jy in VRAAG 4.2 genoem het. (10)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

5.1 Noem enige VIER bydraes deur die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede wat intergodsdienstige harmonie bevorder. (8)

5.2 Met verwysing na enige van die godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek godsdienstige leringe/leerbeginsels wat goeie moraliteit/sedelikheid bevorder. (10)

5.3 Analiseer krities die rol wat godsdienste in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika gespeel het. (12)

5.4 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> **MENSEREGTE EN -VERANTWOORDELIKHEDE**
>
> Die konsep van menseregte bestaan alreeds vir eeue lank. Die behoefte om 'n internasionale ooreenkoms oor menseregte in te stel, het teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog dringend geword.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*]

5.4.1 Wat impliseer die konsep van *godsdiensvryheid*? (4)

5.4.2 Verduidelik wat onder *menseregte* verstaan word. (4)

5.4.3 Verduidelik hoe verskillende godsdienste prakties betrokke is by die bevordering van godsdienstige vryheid, menseregte en verantwoordelikhede. (12)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou